



Kurrikulum Direktooraat: AOO			LESPLAN
VAK	Afrikaans EAT	KWARTAAL	2
Graad	9	Week	4
Skakel met onderrig - en assesseringsplan	Byvoeglike Naamwoorde; Trappe van vergelyking en Intensiewe vorme, vergelykings		
Inleiding	<ul style="list-style-type: none"> Jy het al op laerskool en in Graad 8 van woordsoorte geleer en jy moet woordsoorte kan uitken en vrae daarvoor kan beantwoord. In hierdie les gaan ons weer kyk na byvoeglike naamwoorde, hoe dit gebruik word en veral watter vrae daarvoor gevra kan word, bv.: Is die byvoeglike naamwoord in die volgende sin attributief of predikatief gebruik? Bv. Haar rok is mooi. (predikatief – want dit kom na die selfstandige naamwoord.) Jy kan ook gevra word vir die vergrotende trap van mooi: My rok is (mooi) as hare. (mooier) Die intensiewe vorm van die byvoeglike naamwoord, is net so belangrik. Jy kan gevra word vir die intensiewe vorm van bv. skoon in: Hulle huis is altyd skoon. (silwerskoon). 		
Konsolidasie			
Papiergebaseerde bronne: Raadpleeg ook jou handboek vir meer voorbeelde en oefeninge.	Digitale bronne: Laai die Viva-toepassing verniet op jou foon af en gebruik dit om jou antwoorde na te gaan. Kyk ook na die volgende webtuiste vir interessante dinge om te doen. Daar is byvoorbeeld leesboeke waarna jy kan luister, sonder om jou eie data te gebruik! https://www.thelearningtrust.org/asp-treasure-box		
 AKTIWITEITE VIR DIE ONDERWYSER	VAARDIGHEDE (WAT ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)	ONDERRIGMETODOLOGIEË / BENADERING (HOE ek gaan onderrig / begelei / ondersteun ...)	Hulpbronne / LOOM (WAT ek gaan gebruik om te onderrig / begelei / ondersteun ...)
	Luister en Praat		
	Lees en Kyk		
	Skryf en Aanbied		
	Taalstrukture en Konvensies Volgens die Aangepaste Leer en Onderrigplan bv. vir Gr 9 EAT	Verduideliking van konsepte en taalreëls wat sal help met die vorming van attributiewe en predikatiewe b.n.w., letterlike en figuurlike	Aktiwiteit – Gee verskillende aktiwiteite om die byvoeglike naamwoord vas te lê.

		betekenis, intensiewe vorm, trappe van vergelyking, asook vergelykings.	
 <p>AKTIWITEITE VIR DIE OUER</p>	<p>Meer inligting oor taalstrukture en oefeninge oor die byvoeglike naamwoord, letterlike en figuurlike betekenis, intensiewe vorm, trappe van vergelyking, asook vergelykings sal u in die handboek van die leerder vind.</p>	<p>U kind kan die byvoeglike naamwoord, letterlike en figuurlike betekenis, intensiewe vorm, trappe van vergelyking, asook vergelykings in paragrawe of tydskrifte identifiseer. U kan ook kyk na die spelling van die woorde om te verseker dat dit korrek is.</p>	<p>U kan tydskrifte, koerante, en die handboek van die leerder gebruik.</p>
 <p>AKTIWITEITE VIR DIE LEERDER</p>	<p>Leerderaktiwiteite: Leerders moet die begrippe attributiewe en predikatiewe byvoeglike naamwoord, letterlike en figuurlike betekenis, intensiewe vorm, trappe van vergelyking, asook vergelykings leer, verstaan en kan identifiseer. Hulle moet die reëls ken en toepas om die aktiwiteit te doen.</p> <p>Leerders moet ook verskillende bronne, byvoorbeeld tydskrifte, artikels op die internet, ens. lees en kyk of hulle die verskillende woordsoorte daaruit kan uitken.</p> <p>Lees ook julle voorgeskrewe boeke en probeer die selfstandige naamwoorde en die byvoeglike naamwoorde wat die selfstandige naamwoorde beskryf, op bv. een bladsy te kan uitken.</p>		

DOELSTELLINGS VAN LES	Die doel van die les is om hersiening te doen oor die byvoeglike naamwoord, trappe van vergelyking en die intensiewe vorm en vergelykings.		
VAARDIGHEDE	<ul style="list-style-type: none"> • DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD is 'n beskrywende (descriptive) woord en beskryf of gee meer inligting oor die selfstandige naamwoord. In Les 1 word hersiening oor die Selfstandige naamwoord gedoen. • Wanneer die byvoeglike naamwoord vóór die selfstandige naamwoord staan, word dit 'n attributiewe byvoeglike naamwoord genoem, bv. <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die swaar sak is vol boeke. ▪ Die oulike uitrusting van die baba. • Wanneer dit ná die selfstandige naamwoord staan, word dit 'n predikatiewe byvoeglike naamwoord genoem, bv. <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die sak met boeke is swaar. ▪ Die baba se uitrusting is oulik. • Byvoeglike naamwoorde word gewoonlik verbuig wanneer hulle in die attributiewe vorm gebruik word, d.w.s. daar word 'n -e bygevoeg, bv. <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die stoel is hard. (predikatief) — Die harde stoel (attributief) ▪ Die koeldrank is koud (predikatief) — Die koue koeldrank (attributief) • Kyk ook na die volgende: • Woorde met 'n dubbel vokaal wat eindig op -g: <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die berg is hoog. — Die hoë berg ▪ Die tafel is laag. — Die lae tafel ▪ Die koppie is leeg. — Die leë koppie • Woorde met 'n dubbel vokaal wat eindig op -d: <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die water is koud. — Die koue water ▪ Die bokkie is dood. — Die doeie bokkie ▪ Die boek is goed. — Die goeie boek • Kleure verander nooit! <ul style="list-style-type: none"> ▪ Die hemp is pienk. — Die pienk hemp ▪ Die laken is wit. — Die wit laken ▪ Die stoflap is geel. — Die geel stoflap • LETTERLIKE EN FIGUURLIKE BETEKENIS van die byvoeglike naamwoord: • Byvoeglike naamwoorde kan letterlik of figuurlik gebruik word. • Letterlike betekenis verwys na die betekenis soos wat dit in die woordeboek verskyn, dus die mees direkte betekenis. • Die Figuurlike betekenis is wanneer die woord op 'n ander manier gebruik word om 'n spesifieke effek te kry, byvoorbeeld in vergelykings, metafore, ensovoorts. <table style="width: 100%; margin-top: 20px;"> <tr> <td style="width: 50%; vertical-align: top;"> LETTERLIK <ul style="list-style-type: none"> ▪ Ryk mense (vivid imagination) ▪ 'n Swaar klip ▪ Duur speelgoed ▪ My gebreekte koppie </td> <td style="width: 50%; vertical-align: top;"> FIGUURLIK <ul style="list-style-type: none"> — Hy het 'n ryke verbeelding — Sware beproewings (trials) — Hy het 'n dure les geleer. — My gebroke hart. </td> </tr> </table>	LETTERLIK <ul style="list-style-type: none"> ▪ Ryk mense (vivid imagination) ▪ 'n Swaar klip ▪ Duur speelgoed ▪ My gebreekte koppie 	FIGUURLIK <ul style="list-style-type: none"> — Hy het 'n ryke verbeelding — Sware beproewings (trials) — Hy het 'n dure les geleer. — My gebroke hart.
LETTERLIK <ul style="list-style-type: none"> ▪ Ryk mense (vivid imagination) ▪ 'n Swaar klip ▪ Duur speelgoed ▪ My gebreekte koppie 	FIGUURLIK <ul style="list-style-type: none"> — Hy het 'n ryke verbeelding — Sware beproewings (trials) — Hy het 'n dure les geleer. — My gebroke hart. 		

- **TRAPPE VAN VERGELYKING** (Degrees of comparison) Hier gebruik ons drie trappe:
 - **Die stellende trap** is die gewone vorm van die woord.
 - Die **vergrotende trap** word gebruik om twee dinge met mekaar te vergelyk en word gevorm deur **-er** of **meer** by die woord te voeg.
 - Die **oortreffende trap** word gebruik wanneer daar meer as twee dinge met mekaar vergelyk word. Dit word gevorm deur **-ste** of **mees** by die woord te voeg.
 - Uitsonderings:
 - goed — beter — (die) beste
 - baie — meer — (die) meeste
 - bietjie — minder — (die) minste
 - Woorde soos **dood** en **alleen** het geen trappe van vergelyking nie.
- As die byvoeglike naamwoord op 'n **-f** eindig, vind die volgende verandering plaas:
 - grof — growwer — grofste
 - laf — lawwer — lafste
 - lief — liewer — liefste
 - suf — suwwer — sufste
- Wanneer die byvoeglike naamwoord op 'n **-u** eindig, word die u verdubbel in die oortreffende trap, bv.
 - ru (rough) — ruwer — ruuste
 - kru (crass/profane language) — kruwer — kruuste
 - slu (sly) — sluer — sluuste
- Wanneer die byvoeglike naamwoord 'n kort vokaal in 'n geslote lettergreep is, verdubbel die konsonant in die vergrotende trap.
 - plat (flat) — platter — platste
 - swak (weak) — swakker — swakste
- Wanneer die byvoeglike naamwoord 'n lang vokaal in 'n geslote lettergreep is en 'n oop lettergreep word wanneer **-er** bygevoeg word, word die lang vokaal met 'n enkele vokaalletter geskryf, bv.
 - skraal (slender) — skraler — skraalste
 - vaal (grey) — valer — vaalste
- As die byvoeglike naamwoord uit meer as een sillabe/klankgreep bestaan en op 'n **-e** eindig, of as die woord baie lank is, kry dit in die stellende trap **meer** en in die oortreffende trap **mees** by.
 - verlate (lost) — meer verlate — mees verlate
 - bekommerd (worried) — meer bekommerd — mees bekommerd
 - toegewyd (committed) — meer toegewyd — mees toegewyd
- Wanneer byvoeglike naamwoorde met 'n enkel vokaal op 'n **-s** eindig, moet die **-s** verdubbel word in die vergrotende en oortreffende trap.
 - los — loss — losste
 - vies — viesser — viesste
 - bros (brittle) — brosser — brosstste

- **ONTHOU:** 'n Mens gebruik nooit altwee vorme (mees - en -ste) nie, byvoorbeeld die **mees belangrikste X** Kyk na die volgende sinne:
 - Dit is die **belangrikste** dag in my lewe. **of**
 - Dit is die **mees belangrike** dag in my lewe.
- **INTENSIEWE VORM VAN DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD** – Die intensiewe vorm word gewoonlik gebruik as 'n kreatiewe manier om te sê iets is baie..... bv. (Baie eerlik) is **doodeerlik**, of (baie jonk) is **bloedjonk**. Dit is ook amper dieselfde soos vergelykings (similes), bv. **wit**: so wit soos sneeu; maar die intensiewe vorm van wit is **spierwit**.
- **ONTHOU:** Intensiewe vorme word altyd **as een woord geskryf**. Dit het ook **geen** trappe van vergelyking nie.
 - Woorde met **stok** hou gewoonlik verband met '**oud wees**'.
 - blind – stokblind
 - doof –stokdoof
 - oud – stokoud
 - styf – stokstyf
 - Intensiewe vorme met **dood**
 - bang (scared) – doodbang
 - gaar (cooked) – doodgaar
 - lekker(nice) – doodlekker
 - Intensiewe vorme met **brand**
 - arm (poor) – brandarm
 - maer (thin) – brandmaer
 - Intensiewe vorme met **smoor**
 - dronk (drunk) – smoordronk
 - verlief (in love) – smoorverlief
 - Ander voorbeelde:
 - blou – potblou
 - hard – kliphard
 - klein – piepklein
 - dun (thin) – plankdun
 - graag (keen) – dolgraag
 - goedkoop (cheap) – spotgoedkoop
- **VERGELYKINGS:** Wanneer ons **twee dinge met mekaar vergelyk om hul ooreenkomste uit te wys**. Ons gebruik gewoonlik die woorde soos, net soos en nes om dinge met mekaar te vergelyk.
- **Vergelykings en intensiewe vorme** is gewoonlik dieselfde, bv. so bitter soos **gal** x **galbitter**.
- Hier is 'n paar voorbeelde van vergelykings wat algemeen gebruik word:
 - So **giftig** soos 'n **slang** (poisonous)
 - So **hard** soos **klip** (hard)
 - So **mak** soos 'n **lammetjie** (meak)
 - So **swart** soos die **nag** (black)
 - So **suur** soos **asyn** (sour)
 - So **plat** soos **pannekoek** (flat)

	<ul style="list-style-type: none"> • ONTHOU: • Dit is belangrik dat jy die terme leer, verstaan en onthou. Jy moet byvoorbeeld weet waarna verwys word as jy gevra word vir die intensiewe vorm van 'n woord, of wat die stellende, vergrotende of oortreffende trap van 'n woord is. • Die vrae sal hoofsaaklik binne sinsverband aan jou gevra word. • Dit is ook belangrik dat jy die reëls van die byvoeglike naamwoorde leer, sodat jy weet wat om te doen wanneer jy die vraag moet beantwoord.
AKTIWITEITE / ASSESSERING	<p>Beantwoord die onderstaande vrae in jou werkboek. Probeer dit eers self beantwoord voordat jy die memorandum raadpleeg, of vra iemand by die huis (jou ouers, broers of susters, ens.) om jou te toets.</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Skryf die byvoeglike naamwoorde in die volgende sinne neer en sê of hulle attributief of predikatief gebruik word. Skryf dus attributief of predikatief langs die byvoeglike naamwoord. <ol style="list-style-type: none"> 1.1 Die sterk man oefen baie hard. 1.2 Die blomme in my tuin is pragtig. 1.3 Die duiwe is baie suur. 1.4 Skink vir my warm koffie, asseblief. 2. Gee die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoorde tussen hakies: <ol style="list-style-type: none"> 2.1 (Bitter) koffie smaak nie lekker nie. 2.2 'n (Half) eier is beter as 'n (leeg) dop. 2.3 Die (gaaf) man slaap lekker op die (sag) kussing. 3. Gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies. <ol style="list-style-type: none"> 3.1 My hemp is (skoon) as joue. 3.2 Jason is die (lank) van die drie seuns. 3.3 Die (belangrik) is om gereeld jou skoolwerk te doen. 3.4 100-meter atlete hardloop (vinnig) as langafstandatlete. 3.5 Stacey se punte in Wiskunde is (goed) as myne, maar my punte vir Afrikaans is die (goed) in die hele klas. 4. Gee die intensiewe vorm van die woorde tussen hakies: <ol style="list-style-type: none"> 4.1 Die kamer is (donker). 4.2 Ek het my (vaal) geskrik toe ek daar inloop. 4.3 Die arme ou man is (blind). 4.4 Om (arm) te wees, is nie lekker nie. 5. Vul die ontbrekende woord in om die vergelykings in die onderstaande sinne te voltooi. <ol style="list-style-type: none"> 5.1 Toe ek klaar gespeel het, was ek so honger soos 'n 5.2 Daardie vloer is so glad soos, ek het amper gegly! 5.3 My hond is so mak soos 'n, hy sal niemand byt nie, maar hy is so lelik soos die.....(5.4) <p>LET WEL: Nadat jy klaar is, kyk na die memorandum aan die einde van die blad.</p>

MEMORANDUM...

...Voordat jy na die antwoorde kyk, probeer die vrae eers self beantwoord. Vra iemand by die huis (jou ouers, broers of susters, ens.) om jou te toets.

1. Skryf die **byvoeglike naamwoorde** in die volgende sinne neer en sê of hulle attributief of predikatief gebruik word. Skryf dus **attributief** of **predikatief** langs die byvoeglike naamwoord.
 - 1.1 sterk – attributief (dit staan voor die selfstandige naamwoord)
 - 1.2 pragtig – predikatief (dit staan na die selfstandige naamwoord)
 - 1.3 suur – predikatief
 - 1.4 warm –attributief
2. Gee die **korrekte vorm** van die byvoeglike naamwoorde tussen hakies:
 - 2.1 Bitter (die verander nie)
 - 2.2 'n **Halwe** eier is beter as 'n **leë** dop.
 - 2.3 Die **gawe** man slaap lekker op die **sagte** kussing.
3. Gee die **korrekte vorm** van die woorde tussen hakies.
 - 3.1 My hemp is **skoner** as joue.
 - 3.2 Jason is die **langste** van die drie seuns.
 - 3.3 Die **belangrikste** of **mees belangrike** is om gereeld jou skoolwerk te doen.
 - 3.4 100-meter atlete hardloop **vinniger** as langafstandatlete.
 - 3.5 Stacey se punte vir Wiskunde is **beter** as myne, maar my punte vir Afrikaans is **(die) beste** in die hele klas.
4. Gee die **intensiewe vorm** van die woorde tussen hakies:
 - 4.1 Die kamer is **pikdonker**
 - 4.2 Ek het my **asvaal** geskrik toe ek daar inloop.
 - 4.3 Die arme ou man is **stokblind**
 - 4.4 Om **brandarm** te wees, is nie lekker nie.
5. Vul die ontbrekende woord in om die vergelykings in die onderstaande sinne te voltooi.
 - 5.1 Toe ek klaar gespeel het, was ek so honger soos 'n **wolf**
 - 5.2 Daardie vloer is so glad soos **seep**, ek het amper gegly!
 - 5.3 My hond is so mak soos 'n **lam/ lammetjie**, hy sal niemand byt nie, maar hy is so lelik soos die **nag** (5.4)